Spieël

Week 1

INLEIDING

Die prentjie wat ons het van God en van onsself vorm ons hele lewe. Ons glo in 'n liefdevolle, genadige en Drie-Enige Verhoudingsgod. Ons verlang om God die middelpunt van ons lewens te maak en geïnspireer te word deur die lewe van Jesus. Ons wil al die ander gode wat 'n invloed het op ons lewens ontbloot en ons geliefdheid in God omhels en daaruit leef. Ons wil verstaan wat dit beteken om geskape te wees na Sy beeld en daaruit te lewe.

Daaglikse ritme

I. Stil word

Gebruik die stappe in die Intro om ten volle van God se teenwoordig bewus te word. Haal diep asem en maak jouself oop vir 'n ontmoeting met God.

II. Gebed voor die lees van elke dag se teks

"Here U leer ons, laat U naam gehelig word. Help my ons gesonde beelde van U te ontwikkel. In die naam van die Vader, Seun en Heilige Gees."

III. Daaglikse teks

Lees vandag se teks met 'n bewustheid dat God Homself wil openbaar. Alhoewel net een teksvers beklemtoon word, is dit goed om die tekste rondom die vers ook te lees.

Dag 1: Genesis 1:26, 27

Vers 27: "God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep."

Alle mense is na die beeld van God geskep. Jy is na die beeld van God geskep. Hoe voel jy daaroor? Glo jy dit?

Dag 2: Sefanja 3:14 -20

Vers 17: "Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou:"

God is stil-tevrede oor jou. Wat dink en voel jy wanneer jy dit hoor?

Dag 3: Kolossense 2:6-10

Vers 6,7: "Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe, in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul."

Om in verbondenheid met God te lewe, is om met liefde te lewe. Waar en hoe doen jy dit?

Dag 4: Efesiërs 3:14-21

Vers 18: "Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek."

Daar is niks wat nie deur God se liefde bedek en heelgemaak kan word nie. Saam met wie ontdek jy hierdie liefde?

Dag 5: Efesiërs 5:15-20

Vers 20: "Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus"

Wanneer jy oor hierdie week reflekteer waarvoor kan jy die Here dank?

Dag 6: Psalm 8

Vers 5,6: "Wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien? U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon"

God sien ons. Hy dink aan ons. Jy is met aansien en eer gekroon ... hoe sal jy dit aan iemand anders beskryf?

IV. Refleksie oor die teks

IV. Wat voel ek sê hierdie teks oor God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met my naaste? Kry ek 'n nuwe prentjie van God?

Weeklikse ritme - kleingroepe

Ons ontmoet mekaar

Laat die groeplede hulleself aan mekaar voorstel. Wat moet die groep van jou weet in dié tyd om jou die beste te verstaan?

Ons ontmoet God

- Steek 'n kers aan op die tafel. Begin hierdie week se groep deur die volgende gebed 'n paar keer saam te bid: "Here, U is ons Drie-Enige God - help ons om U naam te heilig, om 'n gesonde Godsbeeld en selfbeeld te ontwikkel en daaruit te leef elke dag."
- Lees die teksgedeelte saam: **Kollosense 2:6-15**

Ons deel met mekaar

- Gee geleentheid dat elkeen in die groep deel wat hulle in die teksgedeelte hoor. Moenie mekaar onderbreek of korrigeer nie, maar gee geleentheid dat elkeen hul eie ervarings vanuit die teks kan deel.
- Luister so na mekaar dat ons God se stem in mekaar kan hoor.
- Lees as groep die 'Principle of Foundation' van St Ignatius van Loyola saam soos verwoord deur David Fleming:

"The goal of our life is to live with God forever. God who loves us, gave us life. Our own response of love allows God's life to flow into us without limit. All the things in this world are gifts of God, presented to us so that we can know God more easily and make a return of love more readily. As a result, we appreciate and use all these gifts of God insofar as they help us develop as loving persons. But if any of these gifts become the center of our lives,they displace God and so hinder our growth toward our goal. In everyday life, then, we must hold ourselves in balance before all of these created gifts insofar as we have a choice and are not bound by some obligation. We should not fix our desires on health or sickness, wealth or poverty, success or failure, a long life or short one. For everything has the potential of calling forth in us a deeper response to our life in God. Our only desire and our one choice should be this: I want and I choose what better leads to the deepening of God's life in me."

- Bespreek die gedeelte saam en hoe julle dit verstaan. Wat hierin sal jy ook graag wil beskou as die fondasie van jou lewe met God en wat hierin is vir jou moeilik?
- In die boek "The book of Joy" is Biskop Tutu en die Dalai Lama in gesprek. Hier volg 'n aanhaling van Biskop Tutu uit die gesprek:

  "Our human nature has been distorted,... I mean, we are actually quite remarkable creatures. In our religions I am created in the image of God. I am a God carrier. It's fantastic. I have to be growing in godlikeness, in caring for the other. I know that each time I have acted compassionately, I have experienced a joy in me that I find in nothing else." Bespreek as groep die aanhaling van Biskop Tutu. Lees ook **2 Kor 3:18.**
- By die inleiding van die week staan daar die volgende paragraaf: "Die prentjie wat ons het van God en van onsself vorm ons hele lewe. Ons glo in 'n liefdevolle, genadige en Drie-Enige Verhoudingsgod. Ons verlang om God die middelpunt van ons lewens te maak en geïnspireer te word deur die lewe van Jesus. Ons wil al die ander gode wat 'n invloed het op ons lewens ontbloot en ons geliefdheid in God omhels en daaruit leef. Ons wil verstaan wat dit beteken om geskape te wees na Sy beeld en daaruit te lewe."
- Bespreek as groep saam die belangrikheid van 'n gesonde Godsverstaan en selfverstaan vir ons elke dag se leef in hierdie wêreld.
- Wat is die spieëls waarin jy kyk wat jou Godsbegrip, selfbegrip en dus jou hele lewe beïnvloed?

Ons bid saam

Aan die einde van die gesprek tussen Biskop Tutu en die Dalai Lama het Biskop Tutu hierdie seënbede gebid. Laat iemand in die groep die gebed bid vir die groep:

> "Dear Child of God, you are loved with a love that nothing can shake, a love that loved you long before you were created, a love that will be there long after everything disappeared. You are precious, with a preciousness that is totally immeasurable. And God wants you to be like God. Filled with life and goodness and laughter - and joy.
>
> God, who is forever pouring out God's whole being from all eternity, wants you to flourish. God wants you to be filled with joy and excitement and ever longing to be able to find what is so beautiful in God's creation: the compassion of so many, the caring, the sharing. And God says, Please, my child, help me. Help me to spread love and laughter and joy and compassion. And you know what, my child? As you do this - hey, presto - you discover joy. Joy, which you had not sought, comes as the gift, as almost the reward for this non-selfregarding caring for others."

Hierdie is 'n projek waaraan gemeentes in die verenigende Ring van Stellenbosch deelneem. Ons dank aan **Marie Britz, Tom Smith** en **Rhythm of Life** vir die gebruik van hulle materiaal in die samestelling van die handleiding vir ons gemeente.